

Kérugma[®] Bulletin

Posbus 1367
KUILSRIVIER 7579
Tel: (021) 903-1901
Faks: (021) 906-2637
E-pos: kerugma@icon.co.za
Voorlopige webadres:
www.icon.co.za/~kerugma/

'n Nuusbrief aan die oorwinnaars in Christus

Volume 1:4

Augustus 1999

"... vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke begin tel. Dan moet jy die fees van die weke [die Pinksterfees] hou vir die HERE jou God ooreenkomstig die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee, namate die HERE jou God jou sal seën. En jy moet vrolik wees voor die aangesig van die HERE jou God, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Leviet wat in jou poorte is, en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat by jou is ..." (Deut. 16:9-11).

DIE PINKSTERFEES, DIE HEILIGE GEES EN DIE VRYWILLIGE OFFER

- Ignatius A. le Roux

Vir Israel was daar 'n besondere geleentheid in die jaar waarop die sekel vir die eerste keer in die jong graan op die land geslaan moes word. Dit was die dag waarop elke familie Jerusalem toe vertrek het vir **die Paasfees**. Hulle moes dan hul eerstelingsgerf oes om dit gedurende die fees op die dag ná die Sabbat waarop die pasga gevier is, aan die priester te gee. Dit was die eerste dag van die week, wat vandag natuurlik die Sondag is. Die priester moes dit voor die Here beweeg om sodoende die komende oes aan Hom op te dra (Lev. 23:10-11). Sewe weke later, presies vyftig dae daarna, het hulle weer te Jerusalem vergader vir die viering van die tweede groot fees van die jaar, naamlik "die fees van die oes" of **die Pinksterfees**. 'n Interessante feit is dat die eintlike dag van hierdie fees nie 'n Sabbat nie, maar die eerste dag van die week was. Dit was op so 'n Sondag, "die dag van die Pinksterfees", dat die Heilige Gees uitgestort is? Presies vyftig dae voor dit, ook op die eerste dag van die week, het die Here Jesus Christus uit die dood opgestaan. Wat beteken dit alles vir ons vandag?

Verlede keer het ons begin kyk na wat die Bybel leer in verband met die Vrywillige Offer. Elke Israeliet moes, soos hulle na die drie groot jaarlikse feeste te Jerusalem opgetrek het, telkens hul hande gevul het met dit wat hulle hulself voorgeneem het, om vir die Here te gee. Alhoewel hulle so 'n vrywillige offer na elkeen van hierdie feeste moes neem (Deut. 16:16-17), word daar veral met betrekking tot die Pinksterfees voorgeskryf dat dit gehou moet word "**ooreenkomstig die vrywillige offer van jou hand ...**". Voorts moes hulle dit met "**vrolikheid**" vier (Deut. 16:10-11).

Vir die regte begrip van die vreugde en vrolikheid wat met die gee van die vrywillige offers gepaard gegaan het, is dit nodig om te weet wat die Here se bedoeling is met die gee van tiendes en vrywillige offergawes.

Die tiende is iets wat elke gelowige gee, ongeag van hoe groot of gering sy/haar inkomste mag wees. Die vrywillige offer is verder dit wat naas die tiende gegee word. Dit word vrywillig en graag gegee. Anders as die tiende wat die gelowige in elk geval aan die Here gee, is dit iets wat hy opoffer. Daarom word dit op sommige plekke 'n "offergawe" genoem. Waar die eerste tien persent van 'n persoon se inkomste aan die Here behoort, kom die vrywillige offer uit sy eie sak. Dit is deel van die negentig persent van sy inkomste wat aan sy beheer toevertrou is. Hy kan daarmee maak wat hy goed dink, maar in gehoorsaamheid aan die Here, besluit hy om van

dit ook te gee.

Wanneer 'n mens kyk na die motivering wat daar vir Israel was om hul tiendes en vrywillige offers te gee, dien dit vir ons tot inspirasie om dieselfde te wil doen.

DIE MOTIVERING

Die motivering vir die Israeliet in die gee van sy tiende en vrywillige offer, was daarin geleë dat hyself niks besit het nie. Alles wat hy gehad het, het aan die Here behoort. Dit wat aan hom toevertrou was, het hy namens die Here bestuur. Al sy arbeid het hy vir die Here verrig. Met al sy vernuf het hy dit bewerk, sodat die meeste voordeel daaruit vir die Here na vore kon kom. Die opbrengs moes so wees dat die Here dit kon gebruik ter uitbreiding van sy koninkryk op aarde.

So het die Israeliet dit waaroor die Here hom aangestel het, bewerk, bewaak en daarvoor gheheers. Alles het vir hom gegaan om die Naam en die eer van dié God wat alles so mildelik aan hom gegee het.

Die bedoeling van die Here met sy volk was dat hulle **'n unieke volk in 'n baie voorspoedige land** sou wees. Daarvoor het Hy al die wette vir hulle gegee. Dit was sy wil om deur sy volk, en vanuit hul land, al die heidennasies van die aarde te bereik. Dit was nie sy begeerte dat hulle vir hulself en hul rykdomme moes leef nie, maar vir Hom en in vólle gemeenskap met Hom.

Deur alles wat hulle vir Hom moes gee, maar ook deur die wyse waarop hulle self van dit moes geniet en met andere deel (Deut. 16:11), kon dit nie anders nie as dat hul **alles** geheel en al op

Hom gerig sou wees. Alles het om God en sy tempel gegaan.

Soos hulle geploeg, gesaai, gesnoei en geoes het, was alles daarop gerig om so veel as moontlik in te bring vir God en sy koninkryk. Alles wat hulle gehad het, was aan Hom te danke. Al sy seëninge oor hulle was tot sy eer, tot hul voordeel, **maar ook om die heidennasies jaloers te maak op hul God.**

Deur hulle te seën, kon Hy Homself aan die heidene openbaar as die God wat goed en getrou vir sy kinders sorg.

GOD SE PLAN MET SY KERK

Nou is die vraag: Waaroor gaan dit in die gee van tiendes en vrywillige offers vandag? Dit gaan oor **die wil en plan van God met sy kerk in hierdie wêreld.**

Die Here Jesus begeer 'n kerk wat staan in die volle seën wat Hy deur die Heilige Gees daaraan gee. Hy het die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort. So het sy kerk ontstaan. Diegene wat daardie dag die Heilige Gees ontvang het, het die volle seën beleef en was ook tot 'n seën vir diegene wat oor hul weg gekom het (Hand. 2:47a).

DIE TWEE BRODE

In die Ou Testament was die Pinksterfees 'n vooruitskouing van dit wat verwag is. Daar is ook 'n spesifieke rede waarom die **vrywillige offer** so pertinent by die Pinksterfees genoem word. Dit is dieselfde rede waarom ons vandag ook ons vrywillige offers gee. Hierdie rede word gevind in die wyse waarop die Pinksterfees gevier moes word.

Saam met die lammers, ramme en bul wat hulle as brandoffer moes bring, was daar ook twee brode wat voorberei moes word:

Julle moet uit jul woonplekke twee beweegbrode bring; dit moet van twee-tiendes van 'n efa fynmeel wees; gesuur moet dit gebak word as eersteling aan die HERE. ... en die priester moet ... die eerstelingsbrood as beweegoffer voor die aangesig van die HERE beweeg ... dié moet aan die HERE heilig wees ... (Lev. 23:17,20).

Dit is opvallend dat daar twee brode was en dat dit boonop ingesuur moes wees. Anders as die brode by die pasga en dié van die fees van die ongesuurde brode, moes hierdie brode suurdeeg bevat. Die suurdeeg sien op die ou lewe in Egipteland. Dit dui die "lekker" van die sondige wêreld aan.

Deur die eet van die ongesuurde brode het Israel onder meer bely dat hulle gebreek het met die wêreld en sy plesier. Die eet daarvan was 'n vorm van vas. Hulle het gevas van die suurdeeg en sodoende gedenk hoedat die Here hulle in sy genade gereinig het deur hulle uit die wêreld te red. Soos Hy Israel uit Egipteland uitgelei het, so het Hy hulle verlos uit die juk van die sonde en die wêreld. Hulle was nou vry daarvan en het vir Hom geleef.

Hierteenoor ontstaan die vraag: **Waarom moes die brode van die Pinksterfees dan ingesuur word?** Die rede daarvoor was onder meer dat die twee gesuurde brode gesien het op die kerk van die Here Jesus Christus. Die Ou-Testamentiese gelowiges het dit natuurlik nie so verstaan nie. Die suurdeeg in die brode was 'n vooruitskouing dat die kerk deursuur sou wees van die wêreld, die sonde en valse leringe. Die Here Jesus het dit ook uitgebeeld deur die gelykenis van die suurdeeg:

Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg

wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is (Matt 13:33).

Warren Wiersbe verduidelik hoe hierdie gelykenis verstaan moet word:

... the leaven illustrated the *inward* development of false doctrine and false living. Throughout the Bible, leaven is a symbol of evil. It had to be removed from the Jewish homes during Passover (Ex. 12:15-19; 13:7). It was excluded from the sacrifices (Ex. 34:35), with the exception of the loaves used at the Feast of Pentecost (Lev. 23:15-21). But there the loaves symbolized Jews and Gentiles in the church, and there is sin in the church. Jesus used leaven to picture hypocrisy (Luke 12:1), false teaching (Matt. 16:6-12), and worldly compromise (Matt. 22:16-21). Paul used leaven to picture carnality in the church (1 Cor. 5:6-8) as well as false doctrine (Gal. 5:9). Sin is like leaven (yeast): It quietly grows, it corrupts, and it 'puffs up' (1 Cor. 4:18-19; 5:2; 8:1). It would seem that making the growth of the leaven a picture of the spread of the Gospel throughout the world would violate the meaning of this important symbol. It would also contradict the other parables.¹

Die suurdeeg in die brode bied egter geen verskoning vir sonde, wêreldgelykvormigheid of valse leringe in die kerk nie. Dit was daar om as waarskuwing te dien, ook vir die gelowiges in die Ou Testament. As die kerk so sou wees, hoeveel te meer moes hulle nie daarteen waak nie. Hulle moes Egipte, of dan die wêreld, uit Israel hou. Dwalinge en ander onsuiverhede moes nie geduld word nie. Juis waar hul roeping die bereiking van die nasies was (vgl. Gen. 12:2-3; 22:18; Gal. 3:8), moes hulle seker maak van die suiwerheid van diegene wat hulle by hulle kom voeg het.

Die kerk self word deur die suurdeeg in die twee brode van die Pinksterfees gemaak tot versigtigheid. Paulus stel dit soos volg in 1 Korintiërs 5:6-8 waar hy oor die toepassing van die kerklike tug praat:

Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuur is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

GESUURDE BRODE

Met die Pinksterfees het die Israeliete dan die brode ingesuur. Die priester het dit voor die Here gehou as hul belydenis van hoe vol van die ou mens hulle steeds was. Daar was egter twee brode wat enersyds gesien het op Israel self, maar andersyds ook op die heidene wat juis deur hierdie fees na die Here getrek moes word. Met die koms van die Heilige Gees op die "dag van die Pinksterfees", is dit opvallend dat Hy op Jode **en Jodegenote** [dit is heidene wat die Joodse geloof

² Wiersbe, W. 1989. **The Bible Exposition Commentary**, vol. 2. Wheaton, Illinois: Victor Books.

“ONS VERTROU NIE SOMMER WEER ENIGIEMAND MAKLIK NIE”

‘n Christen ingenieur het onlangs aan ons geskryf in verband met sekere ervarings wat hy en sy vrou gehad het. Met sy goedkeuring deel ons daarvan hier met u. Hulle was lidmate van ‘n kerk wat die Toronto “Blessing” aanhang, en nadat hulle ‘n paar van die video’s oor *Die Toronto “Herlewing” - ‘n Kritiese Evaluering* gesien het, het hulle hul kerk verlaat. Hulle het toe die hele reeks video’s aangeskaf en skryf nou soos volg:

“Ons het nog geen kerk of iemand waarna ons kan draai vir geestelike hulp nie. Ons vertrou ook nie sommer weer enigiemand maklik nie. Daarom wil ek jou tog vra om hierdie brief ter harte te neem.

As ek maar net kan vertel van hoe ek al gemanipuleer was, veral in finansiële opsig. Ek het byvoorbeeld al twee keer my werk gelos om in die geloof te staan met die doel dat die Here na my moes omsien. Vriende van my het dit al 22 maande lank gedoen. Maar nou hoor ek van sy ma dat hulle oral geld geleen het en mense ingeloopt het om geld te kry. Die tweede keer wat ek my werk verloor het was as gevolg van die feit dat ek my salaris moes weggee om op die Here staat te maak vir voorsiening (in gehoorsaamheid aan ‘n woord deur vriende aan my gebring). Dit is net snaaks dat ek juis die geld vir hulle gegee het. Eindelik het ek nie geld gehad vir petrol om by die werk te kom nie, en het toe maar bedank. Intussen het ek rekeninge gehad om te betaal. Op die ou end het ek my werk weer gaan terugvra, maar sit vandag nog met ‘n klad op my naam by die kredietburo.”

Dit is ‘n tragiese verhaal wat die man vertel. Welmenend om die Here te gehoorsaam, voer hulle in alle opregtheid die raad wat hulle kry uit, net om later te ontdek dat hulle mislei was. Hierdie getuienis is nie uniek nie. Intendeel, dit is tipies van die dinge wat baie mense in die misleidingsbeweging ervaar. Meeste wat deur die genade van die Here daaruit kom, gaan deur ‘n baie moeilike tyd. Dit is ‘n geweldige ontnugtering om te dink dat dit wat jy so met jou hele hart geglo en gedoen het, al die tyd verkeerd was. Die gevolge van die skok wanneer iemand tot die besef kom dat hy al die tyd mislei was, verskil van persoon tot persoon, maar kan dikwels oor ‘n lang tyd nog ‘n effek hê. Daarom dat die persoon skryf dat hulle nie sommer maklik weer iemand kan vertrou nie. Hulle het hul geestelike leiers blindelings vertrou. Die oomblik toe hulle die vrae wat in hul gemoed ontstaan het, rakende die “lag in die gees” en die ander manifestasies

waaraan hulle bloot-gestel was, aan hul selgroepleier genoem het, is hulle dadelik ernstig berispe dat hulle sonde teen die Heilige Gees doen. Hoe durf hulle vrae vra oor dit wat die leiers in die kerk toelaat? Dit is mos rebellie. Hierna het hulle van **Kérugma** se video’s oor die Toronto “Herlewing” gehoor en na ‘n paar daarvan gekyk. Toe dit bekend geword het, is hulle as verraaiers beskou.

Die gevolge van hierdie tipe behandeling wat baie te beurt val, is op verskillende terreine waar te neem. Een daarvan is dat mense hul vertroue in ander Christene verloor. Nog ‘n gevolg is dat baie, wanneer hulle uit die bewegings kom, van vooraf moet leer hoe om te bid. In die misleidingsbeweging word hulle geleer om alles sogenaamd “in die gees” te doen. Dit het niks met hul eie gees of met die werking van die inwonende Heilige Gees te doen nie, maar gaan oor dit wat hulle in hul emosies of in hul gedagte-wêreld en veral in hul liggame ervaar. Dit is ervaringe van die werking, of eerder manifestasies, van geeste wat die werking van die Heilige Gees naboots. Hulle word geleer dat dit wat hulle so in hul liggame ervaar, hierdie nabootsende ervarings, die wyse is waarop die Heilige Gees werk. So gee die bese geeste aan die mens ervaringe van sekere dinge waarvan die Bybel wel praat, maar in die uiterlike van die mens voorkom. Dit is ‘n nabootsing van die stille werking van die Heilige Gees daar diep in die gees van die mens waar Hy woon. Omdat Christene geleer word om hierdie impulse as komend van die Heilige Gees te aanvaar, verloor hulle die vermoë om in die geloof na die stem van die Here te luister en sy wil te doen. Iemand wat so mislei word, word nou soos ‘n robot wat beheer word deur allerhande hoorbare “inluisterings” of “woorde” wat andere oor hom kry of deur gewaarwordinge in sy liggaam. [In Volume 5 van die genoemde reeks video’s, word hier-die kwessie volledig toegelig].

Wanneer iemand besef dat hy so mislei is, gaan hy deur ‘n tydperk waar hy weer moet leer hoe om na die stem van die Here daar diep in sy gees te luister. Daar waar ‘n mens nie voel nie, maar net **weet** wat die Here vir jou sê.

So ook kom baie uit hierdie beweging op ‘n plek dat hulle net nie weer ‘n sent wil gee vir die werk van die Here nie. Hulle was so gemanipuleer om hul tiendes en selfs twee of soveel as drie tiendes te gee, dat hulle nou net vassteek en weier om weer te gee. Van hulle kan vertel hoedat hulle in dienste

twee tot drie keer moes gee en dat daar dan na alles weer ‘n kollekte opgeneem is om vir die besoekende prediker te wys hoe lief hulle hom sou hê. Elke keer is hulle gebombardeer met al die bekende tekste oor die gee van tiendes en offergawes.

HOE REAGEER ONS?

Die vraag is of dit nou reg is om so te reageer as ‘n mens so uitgebuit en gemanipuleer was? Dit mag normaal wees om nou versigtig te wees, maar ons moet ook waak daarteen dat ons oorreaksie weens die skok, ontnugtering en teleur-stelling, ons nie op die ou end beroof van die vryheid om wel in die waarheid omtrent die dinge te wandel nie. As dit dan so is dat ‘n mens van nuuts af kan leer om reg te bid, om met die Here Jesus te wandel en om die stem van jou hemelse Vader te hoor, dan moet ‘n mens jou hart daaop rig om daarby uit te kom.

Dit is deel van die doel waarom die Here die bediening van **Kérugma Produksies** in die lewe geroep het. Deur alles wat ons doen probeer ons om elkeen wat dit mag nodig hê, te help. Een belangrike saak in ‘n kind van God se lewe is om te weet hoe om reg te gee vir die werk van die Here en die uitbreiding van sy Koninkryk.

Hierdie kwessie raak sovele aspekte van ons geloofslewe dat dit deur en deur die moeite werd is om ‘n slag die saak goed onder die oë te neem. U sien, dit werk nie volgens wette nie, maar enersyds volgens dit wat die Here as riglyne in sy Woord openbaar en andersyds volgens hoe Hy jou persoonlik lei om dit in die praktyk toe te pas. Dit gaan op die ou end om twee dinge, naamlik jou kennis van dit wat die Woord daaromtrent leer, asook om die verhouding waarin jy tot die Here staan. Dit gaan om God se wil soos Hy dit in sy Woord bekendmaak, asook om sy wil in jou alledaagse situasie, soos Hy jou lei om dit wat sy Woord leer, prakties toe te pas. Die wonderlike hiervan is dat dit ‘n lewenswyse in gehoorsaamheid aan die stem van die Here behels. ‘n Lewenswyse waar jy deur niemand beïnvloed of gemanipuleer word nie, maar waar jy die wil van die Here ken en doen in oorgawe aan Hom, sonder dat andere weet wat jy doen.

Ter wille van diegene wat graag duidelikheid oor hierdie dinge wil hê en dit wil regstel in hul lewens, kyk ons in die reeks artikels sedert die **Kérugma Bulletin** 1:3 na wat die Woord daaroor leer.

- Naas le Roux

aangeneem het], uitgestort is (Hand. 2:11).

Die twee brode was egter ook ‘n vooruit-

skouing van hoe die kerk vandag daar sou uitsien. Soos dit op Israel en die heidene gesien het, dui

dit vandag ook op die feit dat die kerk uit "twee brode" bestaan.

Naas die brood wat gesien het op die Joodse Christene, was daar ook die tweede brood, wat gesien het op die heidense Christene. Dit is almal vanuit die heidennasies wat ook tot geloof in die Messias sou kom. Jesus het dit so verduidelik:

Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder (Joh. 10:16).

Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort "op alle vlees" (Hand. 2:17). Dit beteken dat Hy nie gekom het om in Jode alleen te woon nie, maar in mense van alle volke, nasies en tale.

In Handeling 2 is Hy weliswaar net op Jode en Jodegenote uitgestort. Soos hulle egter voortgegaan het en die evangelie verkondig het, is Hy in Handeling 8 op die Samaritane en in Handeling 10 op die heidene ook uitgestort. In Handeling 11:15 het Petrus dit duidelik gestel dat ... die Heilige Gees op hulle [die heidene] geval het net soos ook op ons [die Jode] in die begin.

Die tweede brood van die Pinksterfees het gesien op die aandeel wat die heidene in die kerk sou kry.

Vandag steeds word hierdie twee brode in die kerk van die Here Jesus Christus onderskei. Alhoewel die kerk een liggaam is, stel Paulus dit duidelik dat dit uit Jode en Grieke bestaan. Die benaming *Grieke* sien op diegene wat nie Jode is nie en dus uit die heidendom kom. So skryf Paulus:

... ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek (Rom. 1:16).

... ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge (1 Kor. 12:13).

Deur die bloed van die Here Jesus Christus is die twee brode – die Jode en die heidene wat in Hom glo – een gemaak. Hy het die middelmuur van skeiding wat die heidene weggekeer het, in sy offer aan die kruis afgebreek (Ef. 2:13-14). Alhoewel daar twee brode is, vorm hulle saam sy liggaam waarin Hy deur sy Heilige Gees woon en werk. Deur hierdie liggaam openbaar Hy Homself aan die wêreld.

DIE DOEL

Die intensiteit van die viering van die Pinksterfees het afgehang van hoe groot die vrywillige offers was wat elke familie sou bring. Dit moes gevier word in ooreenstemming met die grootte van die "vrywillige offer van jou hand" (Deut. 16:10).

Hierdie vrywillige offers was gegee om die heidene te bereik. Dit was gegee om die hele wêreld te wen. Waar dit sou gebeur, sou God sy belofte aan Abraham vervul. Die seën waarmee God Abraham geseën het, sou deurvloei na al die volke van die aarde.

Daarom dat Deuteronomium 16:11 sê dat die fees gevier moes word deur die hele gesin; saam met hul slawe, die Leviet van die plaaslike gemeenskap, die weeskinders en die weduwees asook enige vreemdelinge. Die vreemdelinge was mense vanuit ander volke. Hulle kon nie self grond in Israel besit nie. Hulle was normaalweg slegs tydelik in die land. Baie van hulle was sakemanne wat deur die land gereis het.

Naas dat die doel van die Pinksterfees was om

die Leviete, die weeskinders en die weduwees te bedien, was die een groot oogmerk dat die vreemdelinge, die nie-Jode, daardeur ook dié God wat so vir sy volk sorg, sou leer ken.

In die Ou Testament word daar dan ook verskillende persone uit heidennasies genoem wat tot geloof in hierdie God gekom het. So is daar die verhaal van Rut, die jong Moabitiese weduwee, wat saam met haar skoonmoeder, Naomi, na die land Israel gekom het. Rut het juis daar aangekom tydens die sewe weke waartydens die oes, wat op die Pinksterfees sou uitloop, ingesamel is.

'n Interessante feit is dat juis die verhaal van Rut tot vandag toe jaarliks met die Pinksterfees deur die Jode in hul sinagoges voorgelees word. Dit sien op God se liefde vir die heidene en hoedat Hy deur sy volk die heidene na Hom wou trek. In Matteus 1:5 word hierdie selfde Rut in die geslagsregister van die Messias genoem.

Die Pinksterfees moes dan so gevier word dat die nie-Jood wat dit meegemaak het, nie anders sou kon as om te erken dat die God van Israel die enigste ware God is nie.

Dink maar aan wat die heidene alles moes doen om te verseker dat hul gode aan hulle goeie oeste sou gee. Wanneer dit nodig was, moes hulle selfs hul eie kinders aan die afgode offer. Dit beteken dat 'n ouer sy eie kind se keel sou afsny en sy bloed op die grond laat uitloop. Dit ter wille daarvan dat die gode hulle sou seën (Ps. 106:37-38). Sou so 'n "fees" gekenmerk kon word deur vrolikheid en vreugde?

Die feeste van Israel was duidelik iets heel anders. By die Pinksterfees het hulle offers gebring uit dankbaarheid vir die Here se seën op hul handarbeid. Hulle het nie iets gebring om God se guns te wen en Hom sodoende te manipuleer om aan hulle goeie oeste te gee nie. Nee, dit wat hulle gebring het, was om Hom te dank vir die oes waarmee Hy hulle geseën het. Verder het hulle gegee sodat daar oorfloed in sy huis sou wees en dat almal in die land genoeg sou hê om van te leef. Hulle het dus gegee sodat die hele land 'n getuienis teenoor die ganse mensdom sou wees. Ja, hul land sou 'n lof vir God op aarde wees. Iets waardeur Hy Homself aan almal kon openbaar as hul God, maar veral iets waarin Hy Homself kon verlustig.

Dit is waarom hulle almal saam op hierdie fees "vrolik" moes wees voor die aangesig van die Here.

Kan u sien wat die doel van die jaarlikse Pinksterfees was? Verstaan u nou hoekom die Heilige Gees gekom het op "die dag van die Pinksterfees"? Die fees waardeur God Homself aan die verlore wêreld wou openbaar?

Ja, die kerk het op daardie eerste dag van die week, op die dag van die Pinksterfees, ontstaan. Ons wat vandag die voorreg het om kinders van God te wees, ons het elkeen sedert ons wedergeboorte die Heilige Gees wat op daardie besondere dag uitgestort is, in ons lewens (1 Kor. 12:13). Ons het dus elkeen die voorreg om te kan hoor wat God se wil is. Die inwonende Heilige Gees openbaar dit aan ons (Joh. 16:13, 1 Kor. 2:10). Verder gee Hy ook aan ons die krag om dit wat God se wil is, te doen.

Die leer van die Bybel in verband met die tiendes en vrywillige offers handel ten diepste oor die welwese van God se kerk op aarde. In en deur die kerk openbaar God Homself aan die wêreld. Die kerk is al die Christene op aarde wat deur die

Heilige Gees wederbaar is. In en deur elkeen van hulle openbaar die Here Homself aan die wêreld.

DIE EERSTELINGSGERF VAN DIE VADER.

In die tuin van Getsemane het die Here Jesus Homself so volkome aan sy Vader gegee dat die Vader Hom kon offer. Weens daardie geloofsgehoorsaamheid aan die Vader kon die Vader Hom op die eerste dag van die week, die eerste dag ná die pasga, as sy Eerstelingsgerf uit die dood opwek (vgl. Hand. 26:23; 1 Kor. 15:20,23; Kol. 1:18; Op. 1:5). Hierdie tekste praat van "eersteling", maar dit blyk dat "eerstelingsgerwe" 'n beter vertaling sou wees.

Israel moes op die eerste dag van die week, die dag ná **die pasga**, 'n eerstelingsgerf aan die priester gee. Die priester moes dit voor die aangesig van die Here beweeg om die hele oes wat hierna ingesamel sou word, aan die Here op te dra. Vyftig dae later, op die dag van **die Pinksterfees**, die fees van die oes, het hulle Hom gedank, geloof en geprys vir sy seën. Hulle het dan, naas een tiende van hul oes, ook 'n ruim vrywillige offer gebring om Hom te seën en te gee dat daar oorvloed vir almal sal wees.

Vyftig dae nadat die Vader sy Seun as sy Eerstelingsgerf uit die dood opgewek het, het die Here Jesus op "die dag van die Pinksterfees" die Heilige Gees uitgestort op 120 van sy volgelingen. Op daardie selfde dag het 3 000 tot bekering gekom en ook die Heilige Gees van die belofte ontvang. Wat 'n ryke oes!

Dit het gevolg op Jesus se opstanding uit die dood. Hy is deur die Heilige Gees in die graf lewend gemaak en opgewek (Rom. 8:11). Die Vader het Hom as sy Eerstelingsgerf opgewek om daarna 'n volle oes in te samel. Van Pinksterdag af tot vandag toe word daar daagliks meer mense bygevoeg tot hierdie oes.

Is jy seker dat jy al ingebring is as deel van die oes? Het jy al uit die dood opgestaan? Of leef jy nog onder die mag van die sonde, die vlees en die dood?

Paulus het met die Korintiërs gereël om hul vrywillige offers op "elke eerste dag van die week"

te gee (1 Kor. 16:2).

Op die eerste dag van die week gedenk ons die opstanding van die Here Jesus Christus uit die dood. Waar ons dit Sondae doen, gee Hy aan ons sy opstandingskrag en verklik Hy ons innerlike mens. Hierdeur gee Hy aan ons die krag vir dit wat Hy wil hê dat ons daardie week moet doen. Dit is ook dan dat Hy aan ons die krag, die vermoë gee om onself met alles wat ons besit, aan Hom te wy. Ja, ook om Hom toe te laat om volle seggenskap te hê oor hoe ek my inkomste spandeer sodat daar net nog 'n groter oes ingesamel kan word.

Hy gee dus aan ons die krag om ons vrywillige offers te gee. Ons gee dit dan in die krag van sy opstanding. Hierdie krag word onophoudelik aan ons gegee deur die inwonende Heilige Gees. Romeine 8:23 sê dat ons "die eerstelingsgerf van die Gees het". Die Heilige Gees wat Jesus uit die dood opgewek het, verteenwoordig die **o p g e s t a n e** Here in ons harte. Hy gee aan ons daardie nuwe lewe van die Seun. Dit is ook Hy wat ons swakhede ken en vir ons by die Vader intree (Rom. 8:26). So aanvaar die Vader ons en ons offers, al is dit ook hoe gebrekkig. Vir Hom is dit wonderlik, want dit is alles deel van die vrug op sy Seun se sterwe en opstanding.

Jesus het die Heilige Gees uitgestort om in ons te woon. Deur sy Gees is ons in gemeenskap met Hom en met die Vader, maar deel Hy ook onophoudelik sy lewe aan ons mee. Soos ons elke dag met Hom praat, laat ons aan Hom noem dat ons een begeerte is om na Hom te luister en sy leiding te volg. Ja, laat ons Hom spesifiek bid om ons te leer hoe om sy stem te hoor. Ook sodat ons kan weet hoe om hom te gehoorsaam in die gee van ons tiendes en vrywillige offers.

Laat ons Hom gereëld vra aan wie Hy wil hê dat ons moet gee en hoeveel. Wanneer 'n instansie of persoon herhaaldelik by ons opkom, laat ons daarvoor met die Here praat om te hoor wat Hy vir ons daaromtrent wil sê. Kom ons rig onself daarop om sy wil te ken en te doen.

Word vervol

KONFERENSIE OOR TORONTO "HERLEWING" TE ERMELO

Daar is 'n konferensie oor die Toronto "Herlewing" gereël te Ermelo van Woensdag 20 tot Vrydag 22 Oktober. Die sprekers by die geleentheid is ds. Etienne Maritz van **Goeie Nuus Bediening** en ds. Naas le Roux van **Kérugma Produksies**. Daar is ook 'n geleentheid die Donderdag oggend waartydens alle belangstellende leraars oor die onderwerp toegelig sal word. Die volgende onderwerpe word gedurende die konferensie behandel:

Woensdag 20 Oktober

19:00 - Vertoning van video insetsels.

19:15 - Etienne Maritz - Persoonlike getuienis - Wat ek in tipiese Toronto "Blessing" byeenkomste gesoek het.

20:00 - Naas le Roux - Die Oosters-hipnotiese inslag van die Toronto "Herlewing".

20:45 - Bespreking.

Donderdag 21 Oktober

10:00 - Naas le Roux - Die dwaling van die geestesdoop en die blywende aard van die Toronto "Herlewing".

10:45 - Etienne Maritz - Die predikant se begeleiding van die plaaslike gemeente tot en in 'n Bybelse herlewing.

11:30 - Bespreking.

19:00 - Vertoning van video insetsels

19:15 - Etienne Maritz - Die onderskeid tussen ware en valse herlewing.

20:00 - Naas le Roux - Die werk van die Heilige Gees versus die Toronto "Herlewing".

20:45 - Bespreking.

Vrydag 22 Oktober

19:00 - Vertoning van video insetsels.

19:15 - Naas le Roux - Die rede waarom gebed in die Toronto "Herlewing" verbied word.

20:00 - Etienne Maritz - Die kenmerke van Ware Herlewing.

20:45 - Bespreking.

Boeke en video's sal te koop wees.

Koördineerder en kontak persoon te Ermelo: Mnr. Pieter Louw, tel (01781) 98011, sel 0828246476

"... ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus" (2 Kor. 11:3).

WIE IS IN BEHEER VAN MY GEDAGTEWÊRELD?

- Marina le Roux

Ons as Christene ervaar soms dat die samelewing rondom ons God totaal verwerp. Ja, baie dinge wat vroeër onaanvaarbaar was soos egskedding, aborsie, buite-egtelike gemeenskap, homoseksualisme, en dies meer, is nou die normaalste ding op aarde. Terselfdertyd word diegene wat dit nie beoefen nie, hanteer asof daar iets met hulle skort. Selfs die definisie van Christenskap het verander. Wat het hierdie veranderinge teweeg gebring?

Paulus noem 'n paar dinge wat lig werp op dit wat rondom ons gebeur:

... hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus, en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is (2 Kor. 10:3-6).

Eerstens sê Paulus hier dat hy as deel van sy lewenstaak betrokke is in 'n oorlog, nie 'n fisiese oorlog met wapens soos swaarde en spiese nie, maar 'n **geestelike oorlog**.

Tweedens sê hy dat hy **vestings** (geestelik gesproke) moet inneem en vernietig. Hierdie vestings is **planne**.

Derdens neem hy, wanneer hy 'n vesting inneem, **gevangenes** weg om onder 'n nuwe heer te werk. Hierdie gevangenes is **gedagtes**.

Paulus sê hier dat hy skanse wat opgewerp word teen die ware kennis van God, verbreek. Hy stel hierdie skanse voor as planne of gedagtes wat ongehoorsaam aan Christus is. Ons kan dus sê dat hy teorieë of argumente weerlê wat nie die waarheid omtrent God weergee nie. Paulus stel dus ons verstand voor as 'n gevegsterrein waar 'n stryd woed tussen twee partye. Albei partye veg om ons gedagtes te lei in 'n sekere rigting. Aan die een kant is daar die redenasies wat nie in ooreenstemming met die wil van God is nie, maar wat uit hoogmoed hul eie voorstelle maak. Paulus lê hom daarop toe om hierdie vestings te vernietig.

HOE LYK HIERDIE REDENASIES OF GEDAGTES?

Kom ons kyk na 'n paar teksgedeeeltes wat vir ons lig kan werp op die rigting waarin Satan ons gedagtes wil stuur

Paulus sê vir die Korintiërs dat hy bang is, dat net soos Satan Eva mislei het, hy ook hul gedagte-wêreld sal besoedel met idees wat hulle sal beroof van hulle opregtheid teenoor Christus (1 Kor. 11:3). Die Griekse woord vir opregtheid is *haplotes*. In Engels kan dit vertaal word met *"sincerity without dissimulation or self-seeking"*. Die Amplified Bible vertaal 2 Korintiërs 11:3 as volg:

But now I am fearful lest that even as the serpent beguiled Eve by his cunning, so your *minds* may be corrupted and seduced from *wholehearted and sincere* and *pure* devotion to Christ.

Deurdadig hulle na valse apostels geluister het wat hulself hoog geag het en gespog het oor hulle

vermoëns, het die gevaar gedreig dat die Korintiërs self ook hoogmoedig en selftevrede sou word. Dit sou ook daartoe lei dat sonde nie meer verag sou word nie, maar aanvaarbaar sou wees.

Daarom dat Paulus die Christene te Korinte vermaan om nie in dieselfde juk te trek met die ongelowiges nie (2 Kor. 6:14).

Hieruit kan ons sien dat Satan se gevegstaktiek daarop gerig is om 'n Christen se gedagtes weg te lei sodat hy God sal dien met 'n bymotief, naamlik dat hy op een of ander wyse voordeel sal trek uit dit wat hy vir die Here doen. Sodoende word self-opofferende toewyding aan God iets waarvan ek totaal wegstrem, sodat ek nie meer opreg soek na God se wil nie. So raak 'n mens "vervreemd van die opregtheid teenoor Christus".

Paulus noem dat dit sy bekommernis is dat juis dit met die Christene te Korinte sou gebeur. Die wêreld lê in die mag van die bose. Hul gedagte-wêreld is onder sy beheer. Ons moet egter weet om te waak daarteen dat ons gedagtes nie ook so deur hom beïnvloed kan word nie. Die rede vir die huidige toestand waarin die wêreld om ons verkeer, is grootliks daaraan te wyte dat baie Christene nie meer opreg soek na die wil van God nie. Hul gemoed is gevul met dieselfde gedagtes as die van die wêreldlinge.

In 2 Korintiërs 4:4 sê Paulus dat Satan die ongelowige se sinne verblind. Die Amplified Bible se vertaling lui:

For the god of this world (Satan) has blinded the unbelievers' minds (that they should not discern the truth) preventing them from seeing the illuminating light of the Gospel of the glory of Christ...

Hiervolgens wil ongelowiges God nie ken nie, omdat Satan hulle gedagte-wêreld lei in 'n rigting waar hulle nie God se liefde en sy verlossingsplan met die mense sal raaksien nie. Hy lei byvoorbeeld hulle gedagtes in rebellie teen God. Dit doen hy deur God by hulle te beskuldig. Die gevolg daarvan is dat hulle nie hul eie sondes raaksien nie, en daarmee saam ook nie God se begeerte om hulle te vergewe nie.

Dit word byvoorbeeld gesien in 2 Korintiërs 3:14, wat sê dat die sinne (verstand) van die Jode verhard is, sodat wanneer die Ou Testament gelees word, hulle nie besef hoe sondig hulle is, en watter groot doel God met hulle het nie.

Efesiërs 4:17 sê dat die heidene in die verdwaasdheid van hul gemoed wandel. In Engels kan dit vertaal word met "futility of mind". Hulle gedagte-wêreld is dus gerig op dinge wat nie die moeite werd is nie. Dit wat **vir God niks werd** is nie, oorheers hulle hele lewe. Kolosense 2:18 sê dat sommige mense opgeblase (hoogmoedig) is

deur hulle vleeslike gesindheid. Die woord "gesindheid" is die vertaling vir die Griekse woord *nous*, wat *verstand* of *gedagte-wêreld* beteken. Gedagtes oor hulle eie waardê, regte en voorregte oorheers dus hulle gedagte-wêreld.

Romeine 8:7 sê dat die gedagterigting van die vlees vyandig is teen God, omdat dit nie onderworpe is aan die *wet* van God. Deur sy *wet*, sy Woord, maak God sy wil aan die mens bekend. Die vlees is dus die wil van God vyandig gesind.

Uit dit alles blyk dit dus dat Satan al sy aandag toespits daarop om 'n vastrap-plek in ons gedagte-wêreld te kry, sodat hy ons lewens van daaruit kan beheer. Wat ek dink, doen ek tog op die ou end. As ons dus ons verstand of denkprosesse uit sy kloue kan hou, sal ons in staat wees om te dink soos God dink, en om voluit vir Hom te leef.

In Romeine 12:2 sê Paulus:

En word nie aan hierdie wêreld gelykvoornie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Hierdie wêreld is die mense rondom ons wat nog nie deur die Here nuut gemaak (wederbaar) is nie. Hulle het nog nie besef dat hulle sondaars is wat op pad hel toe is nie. Hulle het dus ook nog nie hul sondes bely nie. Om in alles God se wil te soek, is nie vir hulle belangrik nie. Paulus sê nou dat ons wat reeds nuut gemaak is en vir wie dit belangrik is om aan God gehoorsaam te wees, nie soos hierdie wêreld moet wees nie, maar verander moet word deur die vernuwing van ons *gemoed*. Die Griekse woord vir *gemoed* hier in Rom. 12:2 is *nous*, in Engels *mind*. Sedert ons bekering moet ons denkprosesse dus verander word. Hoekom? Sodat ons kan beproef wat die volmaakte wil van God is. Wanneer my denkprosesse dus nog beïnvloed word deur Satan se leuens, is ek nie in staat om God se wil te ken nie. Dan verdraai ek God se wil. Ek dink dat ek besig is om God se wil te doen, terwyl ek eintlik Satan se saak bevorder.

'N PAAR RIGLYNE

Hoe gaan ek dit regkry om my verstand onder Satan se invloed uit te kry? Hoe weet ek dat ek regtig **God se wil** doen? 'n Paar riglyne kan ons hier help.

In Filipense 4:8 sê Paulus:

"Alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is - watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit".

Hieruit blyk dit duidelik dat ons self bepaal wat ons dink. Ek **besluit dus self** waaroor ek dink. Gedagtes kom en gaan nie maar deur my kop na willekeur nie. Wanneer 'n gedagte in my kop opkom wat nie waar, eerbaar, regverdig, rein, lieflik of loflik is nie, mag ek nie daardie gedagte duld nie, en allermens daarop broei. Ek moet dadelik bid dat die Here Jesus Christus dit uitwis met sy bloed.

My **omstandighede** het natuurlik ook 'n groot invloed op wat ek dink. Wanneer ek in 'n gesprek is waar iemand anders beskinder word, kom daar dadelik gedagtes op wat nie eerbaar is nie. Daarom moet ek sorg dat ek nie met mense meng

wat hulle tyd graag verwyf met doellose kuiertjies waar allerande afbrekende praatjies uitbroei nie. Wanneer ek televisie-programme kyk waar buite-egtelike verhoudings as iets heel normaal voorgestel word, sal dit natuurlik onrein gedagtes by my laat opkom. Wanneer ek televisie-programme kyk of boeke lees wat leuens propageer, of met mense omgaan wat allerande leuens glo, sal daardie leuens natuurlik ook vassteek in my gedagtes en my optrede mettertyd beïnvloed. Dit gebeur baie subtiel. Jesus het byvoorbeeld vir sy kinders gesê om nie bekommerd te wees oor wat hulle sal eet, of wat hulle sal aantrek nie (Mat. 6:25-33). Hoe ek lyk, hoe ek aantrek, wat ander van my dink, hoe my huis lyk, of my motor, is dus nie veronderstel om die Christen se gedagte-wêreld te oorheers nie. Maar wanneer ek heeldag in die teenwoordigheid van mense is wat nog nie deur die Heilige Gees wederbaar is nie, en wat hulself heeldag loop en verknies oor onbelangrike dingetjies, kan dit my gedagtes ook later oorheers.

Hoe ken ek die waarheid? 2 Timoteus 3:16 sê:

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid.

Diegene wat die waarheid verkondig, toets dit graag aan die Skrif. Jesus het gesê dat hy wat die waarheid doen, na die lig kom, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is (Joh. 3:20,21).

As ons ons gedagtes wil rig en hou op alles wat waar is, sal ons die Skrif moet leer ken. Ons sal baie tyd moet spandeer en moeite moet doen om die Skrif goed te ken. Wanneer 2 Timoteus 3:16 sê dat die hele Skrif deur God ingegee is, dan bedoel hy dat die Ou Testament net so belangrik is as die Nuwe Testament en vandag nog net so belangrik is vir ons as Christene. Dit help ons om God reg te ken en sy wil vir ons te verstaan.

Verder vermaan Petrus (1 Pet. 4:1) ons om ons te bewapen met die gedagte dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde, om nie meer volgens die begeerlikhede van die mense te leef nie, maar volgens die wil van God.

Wanneer my eie gemak, gerief, erkenning of eer vir my belangrik word, moet ek weet dat ek my gedagtes oopstel vir Satan om my baie subtiel uit God se volmaakte wil te kry.

Kom ons rig ons hart opnuut daarop om Satan te oorwin daar waar hy hom toespits daarop om ons te verslaan, naamlik ons gedagte-wêreld. Laat ons hom weerstaan in die Naam van die Here Jesus Christus, soos Jakobus 4:7 sê. Wanneer ons gedagtes op hol gaan, of deur iets vasgegryp word, laat ons die Here aanroep. Vra Hom om jou te reinig met sy bloed en sê dan vir die Satan in die Naam van die Here Jesus Christus om van jou te wyk. Die Woord van die Here verseker ons dat hy dan van ons sal wegvlug.


Die samelewing rondom ons verwerp God voorwaar, omdat Satan met sy leuens die lewensuitkyk van diegene wat nie aan God behoort nie, besoedel het. Hy het dit reggekry deurdat hy met sy leuens hulle in rebellie teen God gelei het. Laat ons waak en bid dat hy ons wat aan Christus behoort, nie ook so besoedel met sy opstand teen God nie.

DIE REDIGEER-SUITE IS OP PAD!

Sedert ons in die vorige **Bulletin** u voorbidding gevra het berteffende die keuse en aankoop van die nodige redigeer-suite, was dit wonderlik om te ervaar hoeveel navrae ons in die verband gekry het. Die belangstelling was vir ons baie bemoedigend. Intussen het ons duidelikheid gekry wat betref die spesifieke model wat ons moet aanskaf. Dit is die heel kleinste en goedkoopste van die professionele redigeer-stasies op die mark. Alhoewel dit baie langer neem om die werk te doen, kos dit baie minder as die demonstrasie model wat aan ons geleen was. Dit kan egter die professionele gehalte werk lewer wat die vereiste is waaraan ons eindprodukt moet voldoen.

Alhoewel dit die *goedkoopste* van die profesionele redigeer-suites is, kos dit steeds so baie dat ons vir lank net nie die nodige finansiering daarvoor kon kry nie. Wonderlike nuus is dat die Here self vir die aankoop daarvan begin voorsien het. Hy het in een van sy kinders se harte gewerk om 'n bedrag te skenk as deposito. Hy het verder ook voorsien wat die prys betref. Die stasie bestaan uit verskillende komponente waarvan ons sommige teen ongelooflike lae pryse kon kry. Een spesifieke item is byvoorbeeld teen minder as **helfte** van die normale prys! Ons kon maar net bly bid en vertrou dat die Here sou onderneem. En presies dit het Hy ook gedoen! Die bank het nou pas net voor hierdie **Bulletin** gereed is, vir ons laat weet dat die finansiering vir die aankoop van die redigeerstasie goedgekeur is. Ons is die Here baie dankbaar hiervoor.

VIDEO'S VAN DAVE HUNT



Naas al die video's, soos Volume 8, wat dringend gedoen moet word, is een groot rede wat dit noodsaaklik gemaak het dat ons die redigeerstasie nou moes kry, dat die bekende skrywer wat ook 'n paar keer op van die video's oor die *Toronto "Herlewing"* gesien kan word, Dave Hunt, eersdaags in Suid-Afrika optree [Sien sy program elders in die **Bulletin**]. Nadat hy een van die video's van Bill Randles wat **Kérugma** onlangs gemaak het, te siene gekry het, het ons aangebied om video's van die vyf geleenthede waar hy te Kaapstad sal optree, te maak. Wonderlike nuus is dat hy toe aan ons toegestaan het om video's van al sy dienste van Zimbabwe af reg deur die land, te maak. Weens die hoë koste daaraan verbonde, beplan ons egter om video's van net die dienste te Johannesburg, Welkom en Kaapstad te maak. Dit is wonderlik om te dink dat die redigeer-suite, wat nou van Duitsland af bestel word, volgens die handelaars hier behoort te wees net nadat die dienste van Dave Hunt klaar afgeneem is. Na die lank tyd wat dit geneem het om tot hier te kom, is ons die Here dankbaar dat Hy so betyds voorsien het. Wil u nie die Here saam met ons hiervoor loof nie?

VIDEO'S VAN BILL RANGLES

As voormalige Rooms Katoliek en tans leraar van 'n Pinkster kerk te Cedar Rapids, Iowa, in die VSA, gee Bill Randles 'n baie insiggewende getuigenis. **Kérugma Produksies** het tydens sy onlangse besoek aan Suid-Afrika twee van sy boodskappe afgeneem en geredigeer. Ons is die Here baie dankbaar oor die reaksie op die twee video's. Dit bied heelwat meer as wat 'n mens uit die dienste self kon kry, aangesien insetsels van baie van dit waarvan hy praat, asook die Skrifgedeeltes waarna hy verwys, duidelik op die skerm getoon word. Die beeldkwaliteit is die van die nuwe digitale uitsaai standaard en komplimenteer die boodskap. Terwyl ons daarna streef om hoë gehalte Skrifverklarende video's te kan maak, gebruik ons terselfdertyd ook, wanneer die Here so lei, graag die apparaat wat ons daarvoor aanskaf, om ook video's van gewone boodskappe op hierdie standaard te maak. Hierdie kategorie video's word, sover moontlik, teen 'n laer terief beskikbaar gestel. Die volgende twee video's van Bill Randles is nou beskikbaar:



WHY DO YOU CALL ME GOOD?

In hierdie video toon Bill Randles aan dat daar meer in steek om 'n volgeling van die Here Jesus te wees, as wat deur baie verkondig word. Vanuit die Here Jesus se antwoord op die ryk jongman se vraag na geloofsekerheid (Mark. 10:18), ontmasker hy die populêre gebruik waar mense na vore geroep word en dan sondermeer verklaar word tot kinders van God. Dit gebeur dikwels, sonder dat die vereistes wat God in sy Woord stel, in ag geneem word.

Bill vertel hoe hyself voorheen, deur die prediking van die "populêre" evangelie, sy kerk gevul het met nuwe bekeerlinge. Hy is later wreed ontugter toe hy ontdek het dat meeste daarvan valse bekerings was. Deur die Skrif noukeurig te ondersoek, het hy die ware geestelike toestand van sy kerk ontdek. 'n Ontdekking wat gelei het tot 'n rewolusionêre ommeswaai in sy prediking.

Die aanslag van die Here Jesus in die verkondiging van die evangelie, kom duidelik deur die boodskap van hierdie video na vore. U sal dit self meermale wil kyk en dit ook aan andere wil gee. Die video is vol insetsels van die verskynsels waarvan hy praat, soos die Beatles, die Toronto "Herlewing", ens. Prys R65.00

Die Here Jesus se dissipels het Hom uitgevra in verband met die tekens en die tyd van sy wederkoms (Matt. 24). Sy antwoord op hierdie vrae is die basis van Bill Randles se boodskap op hierdie video.

Soos wat hy die verskillende aspekte van Jesus se antwoord ontleed, word dit duidelik dat ons nie net baie na aan die wederkoms leef nie, maar dat baie van die huidige verskynsels wat tans oral hul kop in kerke uitsteek, alles deel vorm van Satan se voorbereidings van die wêreldwye kerk van die eindtyd. In die video sal u baie insetsels sien van hierdie verskynsels, soos Bill verwys na byvoorbeeld die Alfa Kursus, die Toronto "Herlewing", die twee wêreld oorloë, en vele meer.

Een boodskap wat duidelik deur die video na vore kom, is dat ons wat die voorreg het om in hierdie opwindende tyd te leef, voorbereid en gereed moet wees vir die koms van die Here Jesus.

Bill vertel hoedat hy en baie van sy vriende eens uitgesien het dat die Here moet kom, maar hoedat baie van hulle met die tyd hul visie verloor het en sodoende afgekoel het. Moontlik is die boodskap op hierdie video net dit wat u nou nodig het. Prys R65.00

THE COMING OF THE LORD

Bill Randles se drie boeke **WEIGHED AND FOUND WANTING** (R56.95), **MAKING WAR IN THE HEAVENLIES** (R49.95) en **THE NEW PROPHETS** (R49.95), is ook by **Kérugma Produksies** beskikbaar. [Pryse sluit BTW in].